# Curriculum vitae: Van der Merwe, N.T.
## (opgestel deur homself)

Nicolaas Theodor van der Merwe is gebore op 3 November 1932 te Potchefstroom as oudste kind van Johannes Petrus van der Merwe (in lewe professor in Ekonomie en Ekonomiese geskiedenis aan die Potchefstroomse Universiteitskollege) en eggenote Mildred Mathilde Radloff (in lewe lektrise in Plantkunde aan dieselfde inrigting). Vanuit Meyerstraat 4, skuins oorkant die PUK-gronde, kon hy naas die destydse watervore ook die oop ruimtes van die Potchefstroomse universiteits- en onderwyskolleges as verlengde speelterrein benut. Laerskoolvorming was aan die Potchefstroomse Moorivierskool en middelbare onderwys aan die Hoërskool Gimnasium waar hy in 1951 die matriekeksamen in die eerste klas met Afrikaans, Engels (onderskeiding), Latyn, Wiskunde, Biologie en Natuurwetenskap as vakke geslaag het. Vryetydsbesteding gedurende dié jare het onder andere swem, gimnastiek, amateurfotografie en ’n bietjie bind- en houtwerk ingesluit.

Tersiêre onderwys aan die PUK vanaf 1952 was in ’n B.A.-rigting (propedeuties) wat die voordeel van toerusting in die klassieke en semitiese kulture meegebring het. In latere jare het hierdie ’n nuttige intellektuele reservoir gevorm. Aan die einde van 1954 verwerf hy die B.A.-graad met onderskeiding in Grieks en Latyn asook Filosofie as derde hoofvak. Aan die einde van die volgende jaar verwerf hy ’n Hons.B.A. in Filosofie met lof – met H.G. Stoker en J.A.L.Taljaard as inspirerende dosente. 1956 was gewy aan ’n M.A.-studie in Filosofie (Geskiedenis en Taalfilosofie), met Stoker as leier vir ’n verhandeling oor die vraagstuk van ’n Christelike logika. Die jaar 1957 het geleentheid gebied vir ’n Hons.B.A.-studie in Latyn met W.N. en J.J. Coetzee as dosente –elkeen met ’n eie onderrigstyl, estetiese kwaliteite en ’n persoonlike visie op die klassieke en die vroeë Christendom. Die M.A. (filosofie)- en Hons.B.A. (Latyn)-grade is met lof in 1958 toegeken. In dié jaar is ook die vraestelgedeelte van die M.A. in Latyn met onderskeiding geslaag. Die aard van die werklikheid is bekyk deur die oë van Lucretius, een van die weinige

digterfilosowe in die Westerse tradisie. Ook die volgende jaar is gewy aan 'n verhandeling oor die *De rerum natura* van Lucretius.

Voor hierdie navorsing finaal afgerond kon word, het verdere studie oorsee 'n werklikheid geword toe hy vanaf begin 1960 die biblioteekskat van Amsterdam en ander sentra, asook die deeglikheid van die Europese universiteitstelsel van naderby kon beproef. Sy belangstelling in verskillende fasette van die vroeë Christendom is aan die einde van sy studie in Potchefstroom versterk deur die ontmoeting met en aanmoediging van S.U. Zuidema tydens laasgenoemde se lesingtoer deur Suid-Afrika in 1959. Onder leiding van hierdie uitnemende kenner van die filosofie en teologie van die vroeë en laat Christendom kon hy in Nederland tot 1964 navorsing oor die vroeg-Christelike filosofie voortsit, wat uiteindelik in 'n brandpunt op Augustinus saamgetrek is.

Dit was 'n besondere voorreg om gedurende dié jare in Amsterdam aan die Vrije Universiteit 'n verdieping in verskillende fasette van die algemene en spesifiek Christelike filosofie te kon bekom by H. Dooyeweerd, M.C. Smit, D.H.T. Vollenhoven en S.U. Zuidema; 'n denkskrum oor die kontemporêre lewenstyl en filosofie in Leiden by J.P.A. Mekkes en C.A. van Peursen te beleef; en in Utrecht te kon ronddelf in die antieke filosofie saam met C.J. de Vogel.

Tegelykertyd kon verdere agtergrond in die vroeg-Christelike Latynse taal- en letterkunde verkry word. Dit het geskied aan die Vrije Universiteit onder leiding van A. Sizoo en sy opvolger J.J. Thierry; te Leiden deur die klassikus A. van der Nat en die kerkhistorikus J. Bakhuizen van den Brink; en aan die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam deur Christine Mohrmann. Hierdie kultureel-literêre ervaring was van besondere betekenis om in die komende jare die wortels van 'n Christelike perspektief op die filosofie te kon evalueer en verder te deurdink. Die doktorale eksamen is in 1963 met lof aan die Vrije Universiteit verwerf, met as hoofrigtings Sistematiese filosofie, Geskiedenis van die filosofie en Vroeg-Christelike Latynse taal- en letterkunde.

'n Stimulerende ervaring gedurende hierdie jare, wat Van der Merwe se visie op die onderwys help slyp het, was die dinamiese, akademiese diskussies aan verskeie universiteite oor filosofie en kultuur, asook die noue intellektuele wisselwerking met studievriende uit Suid-Afrika, Nederland en Amerika (veral uit die geledere van die "Groen van Prinsterer-klub"). Waardevol in 'n spesiale persoonlike sin was die klankbord wat sy eggenote Heléne gebied het met haar voortgesette studies in musiek, tale en filosofie.

Gedurende hierdie verblyf in Amsterdam is ook ’n noue samewerkingsverhouding met D.H.T. Vollenhoven opgebou, wat onder andere tot ’n beplanning, bewerking en die druk in boekvorm van sy “Skematiese kaarte” by die geskiedenis van die filosofie gelei het. Hierdie instrument het in die jare daarna belangrike detailnavorsing oor die moontlikhede van ’n universeel probleem-historiese metode moontlik gemaak, waartoe veral K.A. Bril ’n unieke bydrae gelewer het. Die eerste verblyf in Nederland is opgevolg gedurende 1969 en 1970 met ’n tweede periode van navorsing by Zuidema in Amstelveen. Op ’n bepaalde stadium kon die kunde van die klassikus A.W. Begemann kort voor sy dood betrek word, en later ook dié van die geskiedenisfilosoof M.C. Smit, een van daardie merkwaardige “universele geleerdes” van Europa.

Van 1956 tot einde 1959 was Van der Merwe ’n deeltydse assistent en later *locum tenens*, eers in filosofie en later in Latyn, en vanaf einde 1964 lektor in filosofie aan die PU vir CHO. Die intellektuele milieu gedurende dié jare saam met professore Stoker en Taljaard, sy vroeëre mentors, maar ook kollegas P.G.W. du Plessis, J.J. Venter, J.J. Snyman en andere was stimulerend. In 1965 is hy bevorder tot senior lektor, in 1976 tot professor, en in 1980 tot hoof van die Departement Filosofie. In laasgenoemde hoedanigheid het hy ’n sesjarige termyn gedien. Gedurende hierdie periode het hy departementele navorsing geïnisieer en saam met ’n aantal voortreflike kollegas in die departement filosofie en in verskeie fakulteite hom beywer vir die uitkringing van filosofie op die kampus met behulp van ’n Baccalaureusgraad en later ’n nagraadse Diploma in Filosofie. Sy benadering tot onderwys in die algemeen en sy onderrigstrategie in die besonder was toegespits op die nastrewe van ’n harmonieuse balans tussen vakbekwaamheid (intellektuele kennis) en persoonlikheidsontwikkeling van individuele talente (toepassing van kennis- en lewensvaardighede) – wat in huidige modewoorde seker beskou sal word as ’n versmelting van *competency* en *performance*. Gedurende sy loopbaan as dosent was hy betrokke by ’n groot aantal filosofiese dissiplines. Vir ’n aantal studente het hy as leier, promotor of hulppromotor opgetree en die vreugdevolle seën beleef dat almal persoonlike vriende geword het.

Hy was ’n geruime tyd lid van die Senaat en van die Fakulteitsraad vir Lettere en Wysbegeerte en sy Navorsingskomitee, asook vir ’n korter periode van die Fakulteitsraad vir Teologie en sy Onderrigkomitee. Vir baie jare was hy lid van en dosent in die vakfilosofiese Departement Wetenskapsleer asook verskeie van die doseer- en publiseerprogramme in verskeie fakulteite, met ’n

besondere inset tot die ontwikkelingswerk van die *Paneel vir Christelike wetenskap*.

Vir 'n aantal vakfilosofiese navorsingsprojekte van PUK-personeel het hy as begeleier opgetree – waarby die begeleier soms ewe veel van die begeleide as andersom kon leer! Met toewyding was hy betrokke by die Instituut vir Reformatoriese Studie en die vernuwende denkstrategieë en sensitering van die sosiale bewussyn vanuit 'n Christelike perspektief wat dáár ontwikkel is, asook by die Beheerraad van hierdie Instituut en verskeie van sy werkkomitees, in noue samewerking met die Direkteur, prof. B.J. van der Walt. Met vreugde het hy ook gedien op die Beheerraad van enkele interdissiplinêre projekte.

'n Uitvloeisel van sy belangstelling in interdissiplinêre ondersoeke was 'n intensiewe samewerking met kollegas in verskillende vakgebiede, veral waar daar antropologiese en kenteoretiese aanknopingspunte was – soos in die geval van die fisioloog P.J. Pretorius. Op meer suiwer filosofiese vlak is interuniversitêre samewerking bevorder met enkele jare navorsing oor Filosofiese Antropologie saam met Prof. J.H. Smit van die Universiteit van die Oranje Vrystaat. Sedert sy emeritering was hy vanaf 1993 veral betrokke by begeleiding van en hulp aan buitelandse studente, asook 'n bietjie welsynswerk in minderbedeelde gemeenskappe – wat in 'n sekere sin 'n opvolg is van na-uurse betrokkenheid by 'n plaasskool vir Tswanasprekende kinders gedurende sy voorgraadse studiejare.

Hy was lid van verskeie nasionale en internasionale akademiese verenigings. Van 'n aantal publikasies was hy óf redakteur óf lid van die redaksie. Sy navorsingsverslae, sy bydraes tot nasionale en internasionale konferensies en sy publikasies beweeg grotendeels op die gebied van enersyds die breëre sistematiek van die filosofie (antropologie, kenteorie en praktiese logika) en andersyds die geskiedenis van die filosofie (vroeë Christendom en kontemporêre filosofie). Saam met sy literêr begaafde skoonmoeder, Inez, is baie leersame ure se vertaalprobleme deurworstel wat later nuttige toepassing in bystand aan buitelandse studente gevind het. Uit die huwelik met Heléne Rautenbach in 1958 is drie kinders gebore: Johannes, 'n klanktegnikus en rekenaarargitek (oorlede 23/10/2002), Theodor 'n elektroniese ingenieur, en Irene, 'n vertaalkundige en redigeerder.